

HOOFSTUK 3

Die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van die Sendingkerke (1652-1881)

In Hoofstuk 3 word, onder andere die wordingsjare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (=NGK), die strewe na een kerkverband, die daarstelling van 'n eie kerkorde en die ontwikkeling van aparte sendingkerke, behandel. Die hoofstuk handel kursories die kerkregtelike ontwikkeling van die NGK met betrekking tot die sending vanaf 1652 tot die daarstelling van die eerste sendingkerk in 1881. In die hieropvolgende hoofstukke sal die NGK se betrokkenheid in die kerkregtelike ontwikkeling van die sendingkerke bespreek word.

3.1. Die wordingsjare van die NGK

Die Vereeninghde Oost-Indische Compagnie (=VOC), onder leiding van die Here XVII, het op 6 April 1652 met die koms van Johan Anthonisz Van Riebeeck 'n nedersetting aan die suidpunt van Afrika gestig (Van der Watt 1976:2). Met Van Riebeeck se koms is ook die Nederlandse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika oorgeplant (Adonis 1982:28). Die Ned Gereformeerde Kerk aan die Kaap het haar belydenisskrifte, liturgieë en formuliere asook kerkregeringstelsel van die Gereformeerde Kerk in Nederland ontleen (Odendaal 1957:21-69). Die kerk aan die Kaap het gedurende 1652 tot 1795 in kerkverband met die *classis* van Amsterdam gestaan (Odendaal 1957:21). Die Here XVII was die sentrale beleidmakende instansie van die VOC (Adonis 1982:2). In die Kaap was die Politieke Raad as regeringsliggaam ingestel met Van Riebeeck as die

voorsitter (Adonis 1982:2). Die taak van die Politieke Raad was die beskerming en ondersteuning van die handelsbelange van die VOC. Johan Anthonisz Van Riebeeck moes ook namens die VOC omsien na die kerklike aangeleenthede (Adonis 1982:28). Die Kommissarisse Politiek het 'n belangrike rol in die beskerming van die openbare geloof gespeel (Adonis 1982:23). Geen kerkvergadering kon gevolglik plaasvind, tensy die Kompanjie daarop verteenwoordig was deur die Kommissaris Politiek nie (Geldenhuis 1951:38). Die kerk aan die Kaap was volledig ondergeskik aan die VOC. Die VOC het geen ander kerk bo en behalwe die Gereformeerde Kerk aan die Kaap erken of toegelaat nie (Adonis 1982:22).

In die jare 1652 tot 1665 het geen geïnstitueerde kerk aan die Kaap bestaan nie. Daar was wel sieketroosters, Willem Barentsz Wylant, Pieter Van der Stael, Ernestus Back en Jan Joris Graa, wat af en toe 'n soort geestelike diens verrig het (Van der Watt 1976:2). Odendaal beskryf dat die kerk aan die Kaap onvolkome in haar wordingsjare was (1957:25). In Augustus 1665 het die Kaap sy eerste bevestigde predikant gekry in die persoon van ds Johan van Arckel wat vir die doel deur die *classis* van Walcheren beroep is (Odendaal 1957:30-31). 1665 is dus volgens Odendaal (1957:31) dié jaar waarin die kerk aan die Kaap geïnstitueer is. Ds Johan Van Arckel het onmiddellik na sy aankoms met gemeentestigting begin. Abr Schut en Johan Renierszen is onderskeidelik as ouderling en diaken bevestig (Van der Watt 1976: 8). Beide die predikante aan die Kaap en die kerkraadslede moes hul instemming met die belydenis van die Nederlandse Gereformeerde Kerk met hul handtekening bevestig (Odendaal 1957:31). Die eerste gemeente is in Kaapstad in 1665, Stellenbosch in 1686 en Paarl in 1691 gestig (Kriel

1956:21). Beide Odendaal (1957:32) en Van der Watt 1976:28) is van mening dat die kerkinrigting en die kerkregering aan die Kaap volgens die model van die Nederlandse Gereformeerde Kerk ontwikkel het. Die beginsels van die Dordtse kerkorde (=DKO) is byna uitsluitlik gehandhaaf en sommige artikels was soms letterlik toegepas. Van die leraars is verwag om gereeld aan die owerheid oor die stand van die gemeentes te rapporteer en ten tye van die Nederlandse besetting, ook aan die *classis* van Amsterdam (Van der Watt 1976:28). Die DKO se omskrywing van die amp en roeping van ouderlinge en diakens en die eise van die bevestigingsformule is in die praktyk nagestreef (Van der Watt 1976:29). Die Kerkorde van Dordt was 'n onoffisiële riglyn vir die lewe aan die Kaap.

Reeds 1642 het die Sinode van Noord-Holland besluit om die sorg van die buitelandse kerke aan die *classis* van Amsterdam op te dra met die uitdruklike opdrag dat die buitelandse kerke moes bly “bij dezelfde leer der waarheid, Kerkenorde en regeering als de Kerken hier te lande” (Van der Watt 1976:11). Aangesien die Kerk aan die Kaap onder die kerklike toesig van die *classis* van Amsterdam geresorteer het, was die kerkinrigting en kerkregering van die kerk aan die Kaap op die model van die Gereformeerde Kerken in Nederland geskoei. Die *classis* het nie slegs predikante beroep en hul na die Kaap gestuur nie, maar het ook die Kaapse Kerk by die Here XVII verteenwoordig. Die *classis* moes waak dat die Kaapse kerk getrou bly aan die kerkleer, kerkorde en kerkregering soos dit in die Gereformeerde Kerken in Nederland voorgestaan was (Adonis 1982:23). Die kerk was volgens Pont (1972:230) na inhoud, leer en diens op dieselfde lees geskoei as die kerk in Nederland.

Teen 1750 was vyf gemeentes gestig naamlik: Kaapstad (1665), Stellenbosch (1686), Drakenstein (Paarl) (1691), Roodezand (Tulbagh) (1743) en Zwartland (Malmesbury) (1745) (Pont 1972:230 en Odendaal 1957:42). Vir die volgende 130 jaar, tot 1795, is die Kaapse kerk deur 44 predikante bedien wat feitlik almal deur die *classis* van Amsterdam uitgestuur was (Van der Watt 1976:11). Die taak en roeping van die predikant word in die *classicale* akte en in die instruksies van die VOC omskryf. Volgens die *classicale* akte was die predikante nie slegs verplig om die Gereformeerde karakter van die kerk beide in belydenis en kerkregering te eerbiedig en uit te bou nie, maar moes hulle, hul ook aan die besluite van die meerdere vergaderinge van die Gereformeerde Kerken in Nederland onderwerp (Van der Watt 1976:24). Van selfstandigheid was daar dus geen sprake nie (Kriel 1963:31).

3.2. Die strewe na 'n eie kerkverband

Reeds teen 1690 het gedagtes om 'n selfstandige kerkverband vir die plaaslike gemeentes posgevat en was dit op verskeie geleenthede gedurende die volgende vyf dekades uitgespreek (Van der Watt 1976:32-34). Die eerste vergadering waarop al die gemeentes (Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein, Tulbagh en Malmesbury) verteenwoordig was, het op 30 Augustus 1745 onder voorsitterskap van ds F le Sueur, predikant van Kaapstad, plaasgevind. Die Politieke Raad het toestemming verleen dat so 'n *classicale* vergadering gereeld gehou kon word om alle kerklike sake te behartig (Van der Watt 1976:35). Op Maandag 17 Januarie 1746 het die verteenwoordigers van al die gemeentes byeengekom vir die eerste *Gecombineerde Kerckvergadering* (Van der Watt 1976: 35). Die vergadering was volgens Pont (1972:231) die eerste stap in die rigting

van 'n selfstandige kerk aan die Kaap. Die vergaderings het in die praktyk volgens Van der Watt (1976:35) die rol van ringsvergaderings vervul. Gedurende 1759 het die Politieke Raad die *Gecombineerde Kerckvergadering* afgeskaf weens die groot kostes verbonde aan die vergadering, asook dat die vergadering nie aan haar doel beantwoord het nie (Van der Watt 1976:37). Kennis was aan die *classis* van Amsterdam gegee met betrekking tot die afskaffing van die kerkverband. Die *classis* van Amsterdam het gereeld by die bewindhebbers aanbeveel dat die kerkverband aan die Kaap herstel moes word, maar sonder sukses (Van der Watt 1976:38).

Gedurende 1765 tot 1802 was die Kaap onder Engelse bewind en het die Kaapse Kerk dus geen offisiële band met die kerk in Nederland gehad nie. Die korrespondensie met die *classis* van Amsterdam het met die Engelse bewindsoorname tot 'n einde gekom. Dit het onder andere beteken dat die Kaapse Kerk (later bekend as die Nederduitse Gereformeerde Kerk) nie meer predikante van uit Nederland kon ontvang nie (Adonis 1982:23). Die Nederduitse Gereformeerde Kerk¹ het tydens die Engelse bewind as aparte gemeentes gefungeer, wat independent/onafhanklik langs mekaar sonder enige kerkverband gestaan het (Odendaal 1957:70).

In 1803-1806 was die Kaap weer 'n Bataafse Republiek en het die kerk aan die Kaap hul korrespondensie met die *classis* van Amsterdam hervat (Van der Watt 1976:38). Kommissaris-generaal Jacob Abraham De Mist het as regterhand van goeweneur Jan Willem Janssen opdrag gekry om die nodige beleid ook met betrekking tot die kerk op te

¹ In die hoofstuk word die name die Kaapse Kerk, Ned Gereformeerde Kerk, Hervormde Kerk, Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika en Nederduitse Gereformeerde Kerk as wissel terme gebruik. Dit dui egter op dieselfde kerk. Op die Sinode van 1842 is die naam van die kerk as "Nederduits Gereformeerd" herbevestig (Odendaal 1957:78).

stel (Kriel 1963:31). De Mist het op 25 Julie 1804 sy *Provisionele Kerken-orde voor die Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop* geproklameer waarvolgens die kerk en die sending in die toekoms beheer en regeer sou word. Dit kan volgens Geldenhuys (1951:39) as die eerste poging tot 'n definitiewe ordening van die Kerk beskou word. In die *Kerkorde van De Mist* word onder andere voorsiening gemaak vir die konstituering van 'n Algemene Kerkvergadering (Van der Watt 1976:39). Die *Kerkorde van De Mist* is in meer as een opsig 'n verbreking van die Gereformeerde linie wat vanaf 1652 aan die Kaap bestaan het en het uiteraard ook 'n vervanging van die Kerkorde van Dordrecht behels (Odendaal 1957:79). Die *Kerkorde van De Mist* word in twee hoofdele verdeel naamlik die algemene beginsels en bepalinge (art 1-18) en voorskrifte omtrent die behoorlike bestuur van die toegelate kerkgenootskappe binne die volksplanting (Geldenhuys 1951:40). Sonder die toestemming van die Goewerneur kon geen nuwe kerkgeboue opgerig word nie (art 6), kon die tye van die godsdiensoefening nie verander word nie (art 7), kon die getal leraars nie vermeerder word nie (art 9), kon die goewerneur aan leraars hul standplase aanwys (art 21-22), kon kerkraadslede van nuwe gemeentes deur die landdros van die distrik benoem word (art 23) en moes kerkrekeninge aan die landdros voorgelê word (art 43). Die kerk was volgens Geldenhuys dus aan die gesag van die staat onderwerp (Geldenhuys 1951:40-41). In art 20 van die *Kerkorde van De Mist* word na die Ned Gereformeerde Kerk verwys as die “Hervormd Kerk-genootschap” (Odendaal 1957:78). Die terme “Hervormd” en “Gereformeerd” is tot die Sinode van 1842 afwisselend gebruik om na die Gereformeerde Kerk te verwys (Odendaal 1957:78). Die *Kerkorde van De Mist* was tot 1843 van krag (Odendaal 1957:80, Kriel 1963:32).

Vanaf 1806 was die Kaap weer onder Engelse bewind. Gedurende dié tydperk was briefwisseling met die Nederlands Hervormde Kerk behou. Die korrespondensie tussen Nederland en Suid-Afrika is egter direk geraak deur die invoering van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* (Odendaal 1957:89) Art 12 van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* het soos volg bepaal: “Geene Kerkelijke vergadering vermag te corresponderen met buitenlandsche kerken, zonder voorafgaande toestemming van Zijne Majesteit den Koning” (Hooijer 1846:24-41). Die Gereformeerde Kerk aan die Kaap was sedert 1806 nie meer ’n Nederlandse kerkverband nie en was in teorie selfstandig teenoor die Gereformeerde Kerken in Nederland, maar was in die praktyk heeltemal afhanklik van die Staat en as gevolg van die uitbly van ’n Algemene Kerkvergadering sonder plaaslike kerkverband (Odendaal (1957:83). Daar het dus geen kerklike verband tussen die gemeentes bestaan nie. Byna 20 jaar sou verloop voordat die eerste algemene kerkvergadering plaas kon vind (Van der Watt 1976:40). Op 23 Junie 1824 het die goewerneur Lord Charles Somerset toestemming verleen dat die Gereformeerde kerke in die Kaap ’n Algemene Kerkvergadering byeen kon roep.

3.3. ’n Eie kerkorde

Op 2 November 1824 te Kaapstad het die eerste Sinode met twaalf uit die veertien gemeentes byengekom. Die voorsitter, ds J C Berrangé,² van Kaapstad, het die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (wat later as die Nederduitsche Gereformeerde Kerk bekend sou staan) as gekonstitueerd verklaar

² Hy het 22 jaar in Nederland in die bediening gestaan. Hy was eers predikant van Spankeren en Dieren in die *classis* van Amsterdam en vanaf 1797 predikant van Bloemendaal in die *classis* van Haarlem totdat hy in 1814 na Nederland teruggekeer het (Odendaal 1957:93).

(Odendaal 1957:99). Volgens Odendaal (1957:99) was die Dordtse kerkorde as geldende kerkorde beskou van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die *praeses* van die Sinode, ds J C Berrangé, wat in Nederland opgelei was en jare lank predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, het hierdie verbondenheid met die Nederlandse Kerk duidelik in sy openingsrede in die vooruitsig gestel het:

(De kerkenvergadering ... zich zal bezig houden met de noodige wyzigingen, veranderingen, verbeteringen en vermeerderingen van de vigererende kerkorde, overeenkomstig de tegenwoordige behoeften van ons tyd en plaats onder ons, en zulks met in achthouding van de fundamentele grondstellingen van de Nederlandsche Kerk, waarvan wy afstammen.

(Odendaal 1957:99)

Pont (1972:236) is egter van mening dat met die opstel van die kerkwet van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, die Nederlandse kerkorde van 1816 as voorbeeld gebruik is. Op die vierde sittingsdag het die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika besluit om die *vigererende* kerkorde, naamlik die *Kerkorde van De Mist*, as grondslag vir haar werksaamhede te neem en algemene bepalinge later te ontwerp. By die ontwerp van die later bepalinge het die Sinode die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* gebruik (Odendaal 1957:100). Die kerkorde van die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1824) is grotendeels ontleen aan die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden*. Van die vyf afdelings van die Algemeen Reglement van die Geref Kerk (1824) is twee afdelings feitlik heeltemal oorgeneem uit die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* (Odendaal 1957:102). Die twee oorblywende afdelings (naamlik die vierde en vyfde) was ontleen aan die Sinodale Reglemente vir Godsdiensonderrig en Kerklike tug van die

Nederlandse Hervormde Kerk. Die hele bepalings oor kerklike opsig en tug is geskoei op die lees van die Nederlandse Hervormde Kerk (Odendaal1957:102). Prof A Moorrees sou dit in latere jare betreur het dat die Sinode nie liewer die Kerkorde van Dordt aanvaar het nie:

Nou is dit wel te betreur dat hulle nie liewer die Dortsche Kerkordening, wat tot op 1804 alhier in ag geneem is, tot grondslag van die algemene Bepalinge geneem het nie, as 'n Reglement wat in meer as een opsig op bedenklike wyse afgewyk het van die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg.

(Moorrees 1937:553)

Die Kaapse Kerk het egter nie die Kerk in Nederland klakkeloos nagevolg nie. Met betrekking tot die ondertekeningsformule het die Kaapse kerk die Dordtse *quia*-standpunt met betrekking tot die ondertekening van die belydenisskrifte gehandhaaf (Odendaal 1957:106).

Op die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1824) het die sending dadelik op die voorgrond gekom. 'n Kommissie ter behandeling en ondersoek van die sending in die Kolonie was op die Sinode saamgestel (*Acta NGK* 1824:7 en Kriel 1956:24). Op die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1824) is die amp van sendeling in onderskeiding met die amp van die predikant in die lewe geroep (Van Heerde 1961:76). Leopold Marquard, wie reeds sedert 1816 sendingwerk in diens van die Nederlandsche Sendinggenootskap te Jan Disselviei (Clanwilliam) gedoen het, was tydens die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1826) ondervra en nadat hy tot goedkeuring van die Sinode geantwoord het, was 'n akte van admisssie aan hom oorhandig (*Acta NGK* 1826: 32 en Van Heerde 1961:78). Hy het sodoende die eerste geordende sendeling in die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika geword. Op die derde Sinode van die Nederduitsche

Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1829) is Albert Van Lingen, wat sedert 1811 in diens van die Londense Sendinggenootskap sendingwerk in Graaff Reinet gedoen het, met goeie gevolg ondersoek en as tweede sendeling in die NGK georden (Van Heerde 1961:79).

Op die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1842) is die vraag na die geldigheid en doelmatigheid van die *Kerkorde van De Mist* en die regverdigheid van die voortbestaan van Politieke Kommissaris gevra (*Acta NGK* 1842:197-198 en Adonis 1982:26). Op dié Sinode is die *Kerkwet van 1824* vervang en is die naam van die kerk verander na die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (*Acta NGK* 1842:199-223). Die prokureur generaal het in November 1842 die *Kerkorde van De Mist* herroep. Die kerkwet van 1842 is op 8 November 1843 officieel deur die Goewerneur geproklameer as Ordinansie 7 van 1843 en so het die kerkwet ook staatswet van die kolonie geword (Pont 1972:236). Met die *Kerkwet van 1842* het die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (=NGK) volgens Adonis (1982:27) meer selfstandigheid in eie sake gekry. Ordinansie 7 van 1843 het uit tien seksies bestaan. In seksie 1 was die *Kerkorde van De Mist* herroep. Seksie 2 bepaal dat die regeringsbydraes aan die Kerk bloot vrywillig is en te eniger tyd terug getrek kon word; seksie 3 en 4 aanvaar die wette en bepalinge van die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1842) en beklee die Kerk met bevoegdheid om haar eie sake te beheer op voorwaarde dat die kerk haar eie bepalings nakom en dat sy niks sal bepaal wat in stryd met die ordinansie is nie; seksie 5 bepaal dat predikante wat staatssteun ontvang deur die Staat uit 'n kortlys deur die Kerk voorsien, aangestel word;

seksie 6 bepaal dat die kerk gebind word aan die Gereformeerde belydenis en die Presbiteriale Kerkregeringstelsel; seksie 7 bepaal dat die Algemene Kerkvergadering sal bestaan uit al die diensdoenende leraars van die Kerk en een diensdoenende of rustende ouderling uit elk gemeente, behalwe Kaapstad wat deur twee verteenwoordig was; seksie 8 bepaal dat die wette en bepalinge van die Kerk sal beskou word as die wette en bepalinge van 'n vrywillige vereniging; geldig slegs vir diegene wat hulle verbind om hulle aan hierdie wette en bepalinge te onderwerp; seksie 9 bepaal dat solank die kerk hom aan sy eie wette en bepalinge hou, sal die owerheid hom nie met kerklike sake vermoei nie; seksie 10 waarborg die eiendom van die kerk in 'n eiendomsakte (Botha 1986:26 asook Geldenhuys 1951:48-52). Die *Kerkorde van De Mist* het volgens Botha (1986:25) die kiem van kollegialisme in die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika ingedra. Volgens eerw J P Jacobs (1951:52) was die kerkregering van die inheemse kerke hoofsaaklik bepaal deur die NGK wat uiteraard die presbiteriaanse stelsel van regering op die sendingkerke oorgedra het.

3.4. Die ontwikkeling van aparte sendingkerke

Tot aan die einde van die agtiende eeu het bekeerlinge uit inheemse bevolking of slawe en lidmate van die NGK gesamentlik dienste bygewoon en het hul gesamentlik sakramente ontvang (Kriel 1963:54). Op die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1829) het die kwessie oor Nagmaalbediening aan mense van gekleurde afkoms onder bespreking gekom. Die Kerkraad van Swartland het 'n beskrywingspunt ingedien - of die Nagmaal gelyktydig aan persone van kleur en "geborene Kristene" bedien mag word: "Of persone van de kleur, die door het doen van

de belydenis en de toediening van den H. Doop tot leden van de Kerke zijn aangenomen – gelijk met geborene Kristenen het Avondmaal zal bediend worden” (*Acta NGK* 1829:79,VI,6).

Ds D F Berrangé en Kommissaris Politiek, sir J A Truter, het ook aan die bespreking deelgeneem en het onder andere verklaar dat die bespreking van die vraag die Christelike godsdiens onwaardig was (Kriel 1963:55). Op die Sinode is die skeiding by die nagmaaltafel op grond van kleur eenparig verwerp. Die besluit lui as volg:

Te verklaren, dat men dit voorstel tot geen onderwerp van deliberatie of beslissing by de Synode behoorde te maken; maar hetzelve als een onwrikbaren stelregel op het onfeilbaar Woord van God gegrond, behoort te merken; dat bij gevolg, alle Christen gemeenten, en elk Christen in het bijzonder, verpligt is overeenkomstig te denken en te handelen.

(*Acta NGK* 1829:71-72)

Hiermee het die kerk bevestig dat aan alle lidmate, ongeag ras, lidmaatskapsregte en voorregte toekom: “Die verteenwoordigers van die regering ag dit vanselfsprekend dat almal saam die Awendmaal sal vier. Die vergadering is dit met hulle eens. Blankes en “persone van kleur,” lede van een en dieselfde gemeente bly dus nog saam die Awendmaal geniet” (Van Heerde 1961:80).

Op die Sinodes van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1834), (1837) en die Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) het die kwessie van afsonderlike bediening aan die “heidene” ter sprake gekom (Loff 1881:22). In die *Ontwerp van bepalingen De Hervormde Zending Genootschappen in de Ned. Herv. Gemeenten in Zuid-Afrika van 1834* word aan die eenkant voorsiening vir die stigting van “ Gemeenten der Naturellen” gemaak en aan die anderkant kon lidmate met sertifikaat van lidmaatskap by bestaande NGK-gemeentes aansluit (Kriel 1963: 49).

De leden der gemeenten, van regmatige attesten voorzien, zullen opgenomen worden tot de Nederduitse Gereformeerde gemeenten, in die plaatsen, waar geen Gereformeerde gemeenten der Naturellen. Van daar vertrekkende na een oord waar eene Gereformeerde gemeente der Naturellen is, zullen hulle attesten, niet aan de Nederduitse gemeente, maar aan de gemeenten der naturellen opgedragen en naar dezelve gerigt worden.

(Van Heerde 1961:80)

Kriel noem bogenoemde bepalinge, ten opsigte van die sending, die NGK se eerste sendingbeleid (1963:48). Op sinodale vlak is dus met dié reglement ruimte geskep vir die afsonderlike gemeentes op grond van ras asook vir die integrasie van rasse in een kerk. Die eerste sendingbeleid van die NGK was in 1835 aanvaar (Adonis 1982:78). In 1837 was genoemde Reglement hersien. Daar word in die Reglement voorsiening gemaak vir die daarstelling van gratis aparte sitplekke in die kerk vir “heidene.” Desnieteenstaande die besluit van 1829, het byvoorbeeld die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika Ceres pogings aangewend om fondse te genereer met die oog daarop om geboue op te rig waar “heidene” gekatkiseer kon word en die sakramente aan hulle bedien kon word (Loff 1981: 21). In Swellendam was ’n afsonderlike gebou vir “heidene” reeds in 1838 voltooi (Loff 1981:22).

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1847) was die eerste wat na die terugtrekking van die *Kerkorde van De Mist* deur die regering plaasgevind het (Kriel 1963:49). Op die Sinode is die eerste permanente Sinodale Sendingkommissie benoem en ’n beroep is op gemeentes gedoen om ruim vir die sending by te dra (*Acta NGK* 1847:269). In 1855 het 45 lidmate by die Kerkraad van Stockenström aansoek gedoen dat aan hulle verlof toegestaan moet word om afsonderlik Nagmaal te vier. Die Kerkraad het die versoek afgekeur, maar was genoodsaak om dit na die Ring van Albanie te verwys. Die Ring van Albanie het

eenparig besluit om die Kerkraad aan te beveel om ter tegemoetkoming van die vooroordele en swakhede, die Nagmaal afsonderlik aan "Kleurlinge en Blankes" te bedien (Kriel 1963:58).

Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) het die kwessie van afsonderlike nagmaalsbediening aan die orde gekom (*Acta NGK* 1957: 58, 60). Ds R Shand van Tulbagh het 'n beskrywingspunt insake bogenoemde besluit van die Ring van Albanie ingedien wat 'n hewige bespreking op die Sinode ontloot het: "Of het de goedkeuring der Synode wegdraagt, dat in de Gemeenten der Nederduitse-Gereformeerde Kerk, waar men het begeert, de gekleurden in een afzonderlijk gebouw, echter onder bestier en opzicht van den Kerkraad, alle voorregten der Christelijke Godsdiens afzonderlijk genieten zullen" (*Acta NGK* 1857:89, XII (5)). Reeds sedert 1828 het daar verskeie probleme in Stellenbosch, Calvinia, Caledon, Riversdal en die Swartland ontstaan met betrekking tot die toelating van swart Christene aan die Nagmaalstafel (Loff 1981:18-19). Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) is op 'n voorstel van die predikant van Calvinia soos volg besluit:

De Synode beschouwt het wenschlijk en schrifmatig dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in de weg zoude staan, de gemeenten uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal.

(*Acta NGK* 1857:60)

Daarmee is kerklike apartheid amptelik in Nederduitse Gereformeerde Kerk ingevoer. Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) is 'n besluit geneem wat volgens Chris Loff die deur oopgemaak het vir die daarstelling van

'n afsonderlike kerk op grond van huidkleur gedurende 1881 met die stigting van die *Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika* (1981:21). 'n Groot aantal gemeentes vir gekleurdes het al reeds teen 1857 bestaan. Oral was 'oefeninghuise' of 'gestichte' opgerig (Kriel 1963:57). In die Wagenmakersvallei en op Tulbagh en verskeie ander plekke was sakramente afsonderlik aan lidmate van gemengde afkoms bedien. Die Sendingkommissie het teen daardie stadium 'n hele aantal werkkringe afsonderlik bedien (Kriel 1963:60). Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) het hierdie kerklike praksys dus bloot kerkbeleid geword.

Die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was bestuur deur 'n Algemene Sending Kommissie van 11 lede, wat deur middel van subkommissies in verskillende werkkringe arbei, naamlik Binnelands en Buitelands - onderskeidelik noord en suid van die Zambesi (*Almanak NGK* 1908:25). Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1873) is 'n Binnelandse Sendingkommissie benoem (Kriel 1963:63). Die kommissie sou verantwoordelik wees vir alle sendingwerk in die Kaapkolonie. Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1876) is opdrag aan die Sendingkommissie gegee om ondersoek in te stel na die toekoms van die sendinggemeentes (Loff 1981:25). Op daardie stadium was daar gemeentes wat onder beheer sendinggenootskappe, buitelandse genootskappe, moedergemeentes en die sendingkommissie gestaan het (Kriel 1956:24). Die binnelandse sending was dus nie slegs onder die NGK se sendingkommissie georganiseer nie. Vroeg in 1880 het eerwaarde JC Pauw oor dieselfde aangeleentheid in *De Christen* geskryf. In sy skrywe noem hy dat die sendelinge en

sendinggemeentes geen kerklike skakeling of verband met mekaar het nie. Daar was dus 'n behoefte dat sendinggemeentes met mekaar in verband moes tree. Op 'n konferensie met sendelinge, gehou op 5 tot 6 Oktober 1879 te Worcester, onder aanvoering van die Binnelandse Sending Kommissie (=BSK), is die *Ontwerp* vir die daarstelling van een liggaam vir die sendinggemeentes bespreek (Kriel 1963:66). Die *Ontwerp* was vooraf deur die Sending Kommissie aan sendinggemeentes versend. 'n Kennisgewing van die konferensie het in *De Christen* op 24 September 1880 verskyn (Loff 1981:25). Eerwaarde D J Ruytenbeck het in die kennisgewing "alle Zendingen der Ned. Geref. Kerk alsmede de Zendingleraars van Zuster Gemeenten die met de Zendingkerk sympathiseren" na die Stigtingsinode op 5 Oktober 1881 te Wellington genooi (Botha 1986:30). Slegs sewe sendelinge het die konferensie bygewoon. Op die Sinode van die NGK (1880) het die BSK breedvoerig verslag oor hul werksaamhede gelewer. Kennis was onder ander andere gegee van hul werksaamhede op George, Outeniekwa, Friemersheim, Elandskloof, Zuurbraak, Wellington, Wynberg, Ceres, Prins Albert, Franschoek, Montagu, Swellendam, Simonstad, Kalkbaai, Palmietrivier, Caledon en Villiersdorp (*Acta NGK* 1880 asook *De Christen* 24 September 1880:5-6). Die kommissie het ook verslag gelewer van sendinggemeentes wat buite die bepalinge van die Kerkwet gestig was, byvoorbeeld Richmond, Philipstown, Hopetown, Murraysburg, Victoria-Wes asook Upington, maar dat hul in noue verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (=NGK) staan, hulle dieselfde belydenisskrifte het en ooreenkomstig die beginsels van die wette en bepalinge van die NGK regeer word (Kriel 1963: 65). 'n Rapport wat die BSK by die Sinode van die NGK (1880) van die NGK ingedien het, was volgens Kriel (1963:64) van die allergrootste belang, nie net vir

die betrokke Sinode nie, maar vir die toekoms van die NGK se Binnelandse Sending. Kennis is op dié Sinode gegee dat drie-en-twintig gemeentes direk of indirek by die NGK se sendingaksies ingeskakel was (Kriel 1981:27). Met die werkkringe bygereken, sou die getal tot sestig opgeskuif kon word.

Op die Sinode is ook 'n skema bestaande uit 10 punte voorgelê wat deur die dienende sendelinge van die gemeentes en/of werkkringe wat deur die NGK gestig is, of met die NGK in verband gestaan het, opgestel was (*Acta NGK* 1880:54-57). Hierdie skema was op die konferensie van sendelinge van 1879 opgestel. Die skema het tien kerkregtelike aanbevelings bevat ten opsigte van die vereniging van die verskillende sendinggemeentes tot een liggaam (*Acta NGK* 1880:54-57). Hierdie aanbevelings, of te wel konstitusie, was punt vir punt deur die Sinode van die NGK (1880) behandel, gewysig en/of uitgebrei (Kriel 1963:67). Op 12 November 1880 het die Sinode van die NGK tot die oprigting van 'n afsonderlike Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk besluit (*Acta NGK* 1880:57). Op Maandag 22 November 1880 is die *Konstitusie vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika* goedgekeur (Kriel 1981:158). Die *Konstitusie*, bestaande uit tien artikels, verskyn as art 217 tot 226 in die *Wette en Bepalinge van die NGK (1881)* (Kriel 1981:158). Die grondslag is volgens Kriel (1963:67) daarmee gelê vir die rigting waarlangs “die jong dogterkerk sou ontwikkel en uitgebou word.”

Eerw J C Pauw het in 'n skrywe gedateer 15 November 1880 beswaar gemaak teen die feit dat die Sendingkommissie volgens die *Konstitusie* vetoreg het ten opsigte van

besluite wat deur die te stigte Sendingkerk geneem sou word asook teen die feit dat roerende eiendom van gemeentes van die toekomstige Sendingkerk op naam van die Sendingkommissie getranspoteer moes word (Loff 1881:26). Pauw was volgens Chris Loff (1881:26) van mening dat die sendingkerk volgens die Gereformeerde Kerkbegrip dus slegs 'n konferensie of Kommissie van Advies sou wees. 'n Jaar later het eerw Pauw sonder een kritiese opmerking oor die konstitusie deelgeneem aan die stigting van die sendingkerk.

3.5. 'n Beoordeling van die Konstitusie

3.5.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die selfstandigheid van die NGSK was nie deur die NGK erken nie. Art 217 van die *Konstitusie* bepaal dat al die gemeentes wat deur die NGK en haar Binnelandse Sendingkommissie gestig is of daarmee in verband staan, die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika sou vorm: "Dat alle gemeenten door de Neder Geref., Kerk en hare Binnelandsche sending-werkzaamheid gesticht of anders met haar in verband staande, zullen vormen de Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk" (*Acta NGK* 1880:54-57 art I in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:7). Hoofsaaklik sou die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika haar toespits op gemeentes en sendingwerkkringe wat uit die NGK se eie sendingaksie ontplooi is. Werkkringe was 'n skepping van die NGK en was in sy kerkregtelike posisie binne die NGK dan ook die van 'n klein sendingveld. Volgens die sendingbeleid van die NGK kon so 'n werkkring nooit aan die NGK behoort nie, maar was deur die NGK in trust gehou vir later inskakeling by die aangewese kerkverband

(*Skema NGSK 1966:151*). Van selfontplooiing en selfuitbreiding was daar op die stigtingsvergadering geen sprake nie. Slegs gemeentes wat oor 'n wettige gekonstitueerde Kerkraad beskik, self een derde van die sendeling se salaris byeenbring, en die eiendomme ooreenkomstig die *Konstitusie* aan die Binnelandse Sendingkommissie ten gunste van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika getranspoteer het, kon deel word van die NGSK (Kriel 1981:31). Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode 1881 het besluit om die NGK te vra om art 217 te wysig sodat meer gemeentes in die NGSK opgeneem kan word (Kriel 1981:158).

3.5.2. Die karakter van die kerkverband

Die *Konstitusie* het bepaal dat gemeentes wat deur die NGK en haar BSK gestig was of daarmee verband staan, die NGSK sou vorm. Volgens art 218 moes die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika in haar bestuur, inrigting, en onderlinge toesig die bepalinge van die NGK volg in soverre dit van toepassing was op die omstandighede en behoeftes van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika: “Deze Zendingkerk volgt in haar Bestier, inrigting en onderling Toezigt de Wetten en Bepalingen” der Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika, zoals dezen en behoefte der Zendingkerk toepasselijk zijn” (*Acta NGK 1880: 54-57 art II in die bylae De Sending in De Christen 24 September 1880:7*). Die NGK se kerkreg en kerkregering word in art 218 as grondslag vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika voorgehou.

Die leer (art 219) van die NGSK is in oorstemming met die Woord van God en word uitgedruk in die Belydenisskrifte naamlik Die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat aangeneem is deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 tot 1619: “Met de Moederkerk grondt zij zich op de Heilige schrift – ’t Woord van God. Zij belijdt de Leer, wat de Moederkerk naar de Belijdenis – Scrijften – de Formulieren van Enigheid – gelooft, t.w. de Nederlansche Geloofsbelijdenis, de Heidelbergsche Catechismus en de Leerregels, vastgesteld door de Synode van Dordrecht, in 1618 en 1619” (*Acta NGK* 1880:54-57 art III in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8). Tot 1982 kom die artikel onveranderd in die kerkorde van die NGSK voor. Met betrekking tot die kerkregeringstelsel (art 220) was die presbiteriale kerkregeringstelsel voorgeskryf naamlik Kerkraad, Ring (gewestelike vergadering) en Sinode (algemene vergadering): “De onderscheidene Gemeenten der Zendingkerk vormen te zamen een bestuur, aldus zamengesteld. De Algemeene Vergadering, ... de gewestelijke Vergaderingen” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art IV in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8).

Hier is volgens Kriel in die *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap*, die grondslag gelê vir die te worde gestigte Sendingkerk van ’n Gereformeerde kerkbestuur naamlik Kerkraad, Ring en Sinode (*Skema NGSK* 1978:69). Die kerkverband staan volgens Kriel dus op Gereformeerde pilare (*Skema NGSK* 1978:69). Die Algemene Vergadering sou elke drie jaar saamkom. Twee Ringe (gewestelike Vergaderinge) is op die Stigtingsinode gevorm, naamlik ’n Oostelike Ring: Beaufort-Wes, George, Middelburg, Murraysburg, Graaf Reinet, Victoria, Richmond) en ’n Westelike Ring: Wynberg, Wellington,

Elandskloof, Ceres, Zuurbraak) (Kriel 1981:32). Die eerste Ringsvergadering het eers 1892 plaasgevind.

3.5.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge

Daar is 'n prinsipiële verskil tussen die gesag wat in die *Konstitusie* aan die NGSK toevertrou was en die BSK. Aan die NGSK was minder mag as aan die Binnelandse Sendingkommissie (=BSK) toegeken. Volgens art 221 word die Kerkraad op grond van die bepalinge van die NGK saamgestel:

221.1. Lede van dit bestuur zullen zijn: alle Zendingen, behooren tot de Ned. Geref. Kerk, en die in wettelijke vergadering van dit bestuur bij meerderheid van stemmen worden toegelaten. Een afgevaardigde – ouderling of oud-ouderling van elke Gemeente;

221.2.

- (a) die eenen kerkraad heeft zamengesteld en werkende overeenkomstig de Bepalingen voor het zamengestel van kerkeraden, bij de moederkerk in gebruik;
- (b) Ten minste een derde deel van't salaris voor haren Zending zelve betaalt;
- (c) een wier vaste goederen getransporteerd zijn op de volgende wijs: Op A,B,C,D (Namen van de leden der Binnelandsche Zendingkommissie volledig gegeven) met de woorden "voor de Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk of gemeente te ...)

(Acta NGK 1880: 54-57 art V bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8)

Alle diensdoenende sendelinge en een ouderling per gemeente kon na die meerdere vergaderings afgevaardig word (Kriel 1963:68). Die Binnelandse Sendingkommissie het egter ook sittingsreg en stemreg op die Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika gehad. Sittingsreg en stemreg was slegs aan die gemeentes verleen wat ten minste 'n derde deel van die salaris van die sendeling self betaal het. Die eiendom van die NGSK moes op die naam van die drie lede van die Binnelandse Sendingkommissie of deur ander persone deur haar goedgekeur ten bate van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika getranspoteer word. Ongeordende sendelinge het volgens art 222 slegs adviserende stem gehad: "De geordende Zendingen en Afgevaardigden hebben regt van stemmen in de vergaderingen van't Bestuur. De ongeordende Zendingen neem deel aan de

deliberatien, zonder regt van stemmen” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art VI in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8).

Alhoewel art 223 bepaal het dat ’n kommissie saamgestel uit die twee Ringe as Sinodale Kommissie sou fungeer, was op die Stigtingsinode besluit dat die moderatuur in die reses as Sinodale Kommissie sou funksioneer: “Gedurende ‘reces zal eene commissie, uit beide klassen van’t Bestuur gekozen, de noodige Administratie in handen hebben en verantwoordelijk zijn aan’t Bestuur, waardoor zijn geconstitueerd is “ (*Acta NGK* 1880: 54-57 art VII in die i bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8 asook Kriel 1981:32). Alle wette en bepalings van die NGK met betrekking tot die werksaamhede van die Ring en Sinode sou onverswak van toepassing wees in die sendingkerk. Kerkvisitasieverlae en finansiële verslae van gemeentes was op elke Sinode verpligtend (art 224):

De volgende speciale Bepalings zullen van’t begin in acht genomen worden, benevens die, welke naar de Wetten en Bepalings der Moederkerk voor Synoden en Ringen geldig zijn: ter plaatse, waar de Vergaderingen worden gehouden, wordt steeds Kerkvisitasie gedaan, Bij elke Vergadering leveren alle gemeentes een naauwkeurig verslag van haren geldelijken staat.

(*Acta NGK* 1880: 54-57 art VII in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8)

Volgens Kriel (Kriel 1963:70) is dit ’n verstandige besluit aangesien “daar geen ander riglyne was op grondslag waarvan die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika georganiseer kon word nie.” Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode het eintlik aanvanklik as Ring fungeer. Die kwessie van kerkvisitasie is uitgestel sodat die lede meer tyd kon hê om daarvoor te dink en dit is aan die moderatuur opgedra om die volgende Sinode met ’n konsepskema te bedien (Kriel 1981:179). Die taak van die visitatore is om toe te sien dat die ampsdraers hul amp getrou uitvoer, by die suiwer leer bly, die kerklike orde onderhou, die stigting en opbou van die gemeente met woorde en daede bevorder en die nalatiges vermaan.

3.5.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Geen voorsiening is in die konstitusie gemaak dat die NGSK tug op ampsdraers sou kon toe pas nie. In die geval van tugwaardige gevalle was die kerkordelike bepaling van die NGK onverswak van toepassing.

3.5.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

Die NGK het voorsiening gemaak dat die besluite van meerdere vergaderinge van die NGSK deur die BSK appelleerbaar was. Volgens art 226 word vetoreg van Binnelandse Sendingkommissie verleen: “Voor als nog zal geene Bepaling, door eenige Bestuur bovengenoemd gemaakt, kracht van wet hebben en uitgevoerd kunnen worden, dan na bekomen goedkeuring van de Synodale Binnelandsche Zendingcommissie” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art X in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:7-8). Die regsgeldigheid van enige wetswysigings was dus afhanklik van die goedkeuring van die Binnelandse Sendingkommissie.

3.5.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur

Geen voorsiening word in die *Konstitusie* gemaak vir bepalings met betrekking tot die meerdere vergadering se bevoegdheid om self in plaaslike gemeentes in te gryp in die geval van wanbestuur nie.

3.6. Konklusie

Die NGSK was ondergeskik aan die NGK en was gevolglik ’n *ecclesia incompleta*. Die Binnelandse Sendingkommissie van die NGK het ’n vorm van bestuur bo die sinodale

strukture van die NGSK gevorm en het gevolglik as 'n hoër bestuursliggaam teenoor die NGSK opgetree. Die mag van die Binnelandse Sendingkommissie was groter as die van die NGSK. Artikel 84 van die DKO daarteenoor beklemtoon die selfstandigheid van die plaaslike kerk teenoor die meerdere vergadering. Artikel 84 van die DKO stel dit duidelik dat geen kerk, geen amptenaar oor 'n ander mag heers nie. Die plaaslike gemeente is dus, anders as wat die NGK dit in die konstitusie van die NGSK daargestel het, *ecclesiae primae* en het primêre mag. In die NGK was die leer-, regeer- en tugmag gesetel. Uit bovermelde blyk dit dat die NGK as plantende en/of sendende kerk, die reg, superioriteit asook leidende mag behou het. Op die vraag of die plantende kerk, dit wil sê die sendende kerk geen reg of superioriteit of enige leidende mag oor haar geplante kerk het nie, antwoord Voetius immers volgens Pol (1910:20) in sy in *Pol Ecclesiastica*, Deel 111, Boek 11, Tractaat 1, hoofstuk 1, V, 5 ontkenend. Voetius is van mening dat die geplante kerk nie verplig kan word om *classicaal* of sinodaal in korrespondensie te bly met die kerk wat haar geplant het nie:

Kunnen de geplante kerken vanwege de verkregen weldaad der planting verplicht worden, om voortdurend en meer bijzonderlijk eenigheid en correspondentie te onderhouden met haar plantster, hetzij dan classicaal of synodaal? Antwoord: Ontkenend. Zulk eene eenheid moet haar grond hebben in de toestemming van de beide partijen, zij moge dan stilzwijgend of opzettelik gegeven worden; doch niet in eenig imaginair (denkbeeldig) recht, dat de plaats inneemt van idee van Plato, nl. Het algemeene vóór vele.

(Voetius 1910:20).

Voetius is van mening dat enige leidende mag oor haar geplante kerk tiperend is van die reg van die pous en/of van 'n biskopstad (1910:20). In die geval van die NGSK wou die NGK leidende mag oor die geplante kerk behou. Reeds in 1883 vertaal dr G H J W J Geesink Voetius se *Beginselen van Gereformeerde Kerkrecht* waarin dit duidelik blyk dat Voetius drie kerklike vergaderings onderskei wat sou bestaan uit predikante en kerkraadslede (Geesink 1883:57). Voetius maak in sy *Beginselen van Gereformeerde*

Kerkrecht nie voorsiening dat die sendende kerk sittingsreg en besluitnemingsbevoegdheid behou oor die geplante kerk in of die mindere of die meerdere vergaderinge nie. Voetius is afwysend dat genoemde vergaderings deur die predikante of predikante alleen gehou kan word. Hy is van mening dat die regering in die hande van enkeles ooreenkomste met die Roomse praktyk toon. Voetius (1883:59). bevestig vervolgens dat alle vergaderings dieselfde mag het: “Gelyk toch alle partikuliere kerken dezelfde macht en autoriteit hebben, en de kleinste hierin voor de grootste niet onderdoet, zoo geldt dat ook voor de vergaderingen hunner kerkeraden” Onder die *classis* verstaan Voetius (1883:59) die vergadering van naburige kerke wat deur haar afgevaardigdes hetsy predikante of ouderlinge verteenwoordig word. Die *classicale* vergadering dien volgens Voetius (1883:59) tot onderlinge korrespondensie, vereniging en gemeenskap, tot onderlinge stigting en opbouing, tot onderlinge bystand wanneer byvoorbeeld ’n partikuliere kerk in die moeilikheid raak. Sulke vergaderinge het volgens Voetius (1883:59) nie ten doel om heerskappy oor die partikuliere kerk uit te oefen nie. Veeleerder is dit ten doel om die partikuliere kerk in haar mag en wysheid te handhaaf teen wie haar die mag en vryheid wil ontnem. Onder ’n Algemene of Nasionale Sinode verstaan Voetius dat dit ’n byeenkoms van kerke, verteenwoordig deur afgevaardigdes uit die Provinsiale Sinodes is. Die doel van die sinodale vergadering is volgens Voetius (1883:60) om die belydenis van die gemeenskaplike geloof en die praktyk van die godsaligheid te bevestig, te bevorder en te bewaar. Die sinodale vergaderinge het nie ten doel om heerskappy oor die kerke uit te voer of om die kerke van haar vryheid te beroof nie:

Veeleerder tot opbouing der kerken in ’t algemeen en in ’t bijzonder tot bewaring der Christelike vryheid en autoriteit, die iedere partikuliere kerk van Christus heeft ontvangen. Tevens tot beslissing van geschillen, in een of ander particuliere kerk



ontstaan, en door eigen kerkeraad of classicale vergadering niet konden uitgemaakt. Warbij dan vriendelijk vermaan en particuliere deputatie dient vooraf te gaan; om eerst waar en vast te stellen, naar het exempel van het in Han 15 beschreven Concilie. (Voetius 1883:60)

Reeds in sy *Pol Ecclesiatica, Deel 111, Boek 11, Tractaact 1, hoofstuk 1, V, 7* is Voetius (1910:20) van mening dat die plantende kerk nie enige reg het om heerskappy oor die geloof te voer nie en kan die plantende kerk nie haar voorskrifte, kerklike reëls, gebruike, formuliere, orde wyse en/of wyse van predikdiens aan die geplante kerk opdwing nie. Hy is van mening dat elke geconstitueerde kerk haar eie vorm, regering en mag het:

Want elke geconstitueerde kerk bezit haar eigen vorm, regeering en macht; even zoo goed als een mensch door de geboorte uit zijne ouders een eigen wezen en eene menshelijke gedaante heeft, van die zijner voortbrengers wel onderscheiden. Zoo wil dit niet nauwgezet vasthouden, zullen wij weer vervallen tot die oude en door de Reformatie vernietigde menshelijke inzettingen, als de kathedraalkerken en kerkelike patronaatrechten.

(Voetius 1910:20-21)

Klem word dus gelê op die instemming, medewerking van die gelowiges by die konstituering van die kerk. Met sy stigting ontvang die geplante kerk dus kompleetheid in gesag en regering kragtens die feit dat Christus die Hoof van die Kerk is. Die NGK het egter deur die *Konstitusie* die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk verplig om korrespondensie met hul te behou en het sodoende voogdyskap oor die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk asook latere sendingkerke behou.